

Sing vooraf staande: Psalm 124:1, 3 (p. 616)

- 1 Laat Israel nou uitroep bly van gees: / Ja, was die HEER nie toe by ons gewees,
toe mensemagte, teen ons aangekant, / ons aangegryp het, in hul toorn ontbrand –
dan was ons lewendig verslind gewees
- 3 Geloofd sy God: Hy het ons vrygemaak; / die woedende ondieer het ons nie genaak;
God het die dodelike sprong gestuit / en ons nie oorgelewer tot 'n buit.
Dies loof ons God: Hy het ons vrygemaak!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 107:1, 3 (p. 533)

- 1 Loof God, omdat Hy goed is, / en goed is sonder end!
Meld dit, al wie behoed is, / verlos is uit ellend;
wat God uit elke land / in vryheid weer herstel het,
vry van die slaweband, / waarmee hul hom geknel het.
- 3 Hy het hul matte skrede / gelei op regte baan
om tot bewoonde stede / met blydschap in te gaan.
Laat hul Hom dank bewys / vir redding wat so soet is,
Hom voor die mense prys, / omdat Hy groot en goed is.

Gebed

Psalm 19:7 (p. 84)

- 7 Bewaar my vir die kwaad / dat ek met trotse daad / u heil'ge wil weerstreef;
laat nie die sonde my / oorheers, dan sal ek vry / van groot oortreding leef.
Laat tog my tong en mond, / my hart se diepste grond, / o HEER, op wie 'k vertrou het,
U welbehaaglik wees / wat in my hart kan lees – / my Rots, op wie 'k gebou het.

Skriflesing: Johannes 8:21-47; Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 14

Kernvers: Johannes 8:36

Eers as die Seun julle vry maak, sal julle werklik vry wees.
(Johannes 8:36 AFR83)

Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel 14: Die skepping van die mens, die sondeval en die gevolge daarvan

*Ons glo dat God die mens uit die stof van die aarde geskep het; Hy het hom volgens sy beeld en gelykenis gemaak en gevorm, dit wil sê goed, regverdig en heilig sodat hy met sy wil in alles met die wil van God kon ooreenstem. Maar toe hy in aansien was, het hy dit nie verstaan nie en sy uitnemendheid nie besef nie. Hy het homself egter, deur na die woord van die duiwel te luister, willens en wetens aan die sonde en daarmee aan die dood en die vervloeking onderwerp. Hy het immers die gebod van die lewe wat hy ontvang het, oortree en homself deur die sonde losgeskeur van God, wat sy ware lewe was; so het hy sy hele natuur verderf en daarmee die liggaamlike en geestelike dood verdien. Hy het deurdat hy in al sy doen en late goddeloos, verkeerd en verdorwe geword het, al sy voortreflike gawes wat hy van God ontvang het, verloor, en hy het niks anders daarvan oorgehou nie as slegs klein oorblyfsels, wat egter genoegsaam is om hom alle verontskuldiging te ontnem. Al die lig wat in ons is, het immers in duisternis verander, soos die Skrif ons leer: **'En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie'** (Joh 1:5), waar die heilige Johannes die mense duisternis noem. Daarom verwerp ons alles wat in stryd*

hiermee oor die vrye wil van die mens geleer word, aangesien die mens niks anders as 'n slaaf van die sonde is nie en: "n Mens kan niks aanneem as dit hom nie uit die hemel gegee is nie" (Joh 3:27). Want wie is daar wat daarop sal roem dat hy uit homself iets goeds kan doen, terwyl Christus sê: 'Niemand kan na My kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie' (Joh 6:44)?

Wie sal op sy eie wil roem as hy verstaan dat '... wat die vlees bedink, vyandskap teen God is' (Rom 8:7)?

Wie sal op sy eie kennis roem as die natuurlike mens die dinge van die Gees van God nie aanneem nie (1 Kor 2:14)?

Kortom: Wie sal ook maar op 'n enkele gedagte roem as hy verstaan dat ons uit onself nie bekwaam is om iets as uit onself te bedink nie, maar dat ons bekwaamheid uit God is (2 Kor 3:5)? Daarom is dit reg dat wat die apostel sê, onwrikbaar bly, want dit is God wat in julle werk. Hy maak julle gewillig en bekwaam om sy heilige plan uit te voer (Fil 2:13).

Want daar is geen verstand en geen wil in ooreenstemming met die verstand en die wil van God as Christus dit nie in die mens tot stand gebring het nie. Dit leer Hy ons as hy sê: 'Sonder My kan julle niks doen nie' (Joh 15:5).

1 Pet 2:9; Pred 12:7; Ps 8:5; 489:21; Jes 59:2; Gen 3:17, 19; Pred 7:30; Rom 5:12; Joh 8:7; Efes 4:24; Rom 12:2; 3:10; 8:6; Hand 14:17; Rom 1:20-21; Hand 17:27; Efes 4:18; 5:8; Joh 1:5; Ps 37:9; Jes 26:12; Ps 94:11; Rom 8:3; 1 Kon 20:9; Ps 28:8; Jes 45:25; Joh 3:27; 6:44 (1 Kor 2:14); 2 Kor 3:5; Fil 2:13.

Tema: Eers as jy Jesus gehoorsaam, is jy werklik vry

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, jy het seker ook al die sêding gehoor: Jy kom eers agter wat jy gehad het nadat jy dit verloor het. Wanneer ons die vrye wil van die mens praat, lyk dit of hierdie sêding die spyker op die kop slaan. Hoor net weer hoe bely ons dit: **Maar toe hy (dit is die mens) in aansien was, het hy dit nie verstaan nie en sy uitnemendheid nie besef nie.** Voor die sondeval het die mens inderdaad, saam met al die ander goeie gawes om heilig, regverdig en goed te wees, ook nog 'n vrye wil gehad. Toe kon die mens nog uit sy eie kies om God te dien en te gehoorsaam of om teen God te rebelleer en sy kragte by die Satan in te gooi.

Toe die mens egter na die woord van die duiwel geluister het, het hy willens en wetens teen God gerebelleer en sy kragte by die Satan ingegooi. Die vrye wil wat die mens gehad het, het hy prysgegee. Daar bestaan nie meer so iets soos die vrye wil van die mens nie.

Tog as 'n mens na mense luister, klink dit asof hulle dink dat hulle nog 'n vrye wil het. Hulle wil te kenne gee dat hulle self kan besluit om die Here te dien as hulle wil. Dit mag miskien uit hulle woorde klink asof hulle nog hierdie vrye wil het – wat hulle inderwaarheid nie meer het nie – maar uit hulle optrede sien 'n mens iets heeltemal anders raak.

Elke mens wil vry wees. Elkeen wil eintlik sy eie baas wees en self besluit wat hy gaan doen. Elke mens wil self besluit wat vir hom goed en reg is. Ander mense moet tog net nie vir hom besluit nie, want as dit sou gebeur, meen die mens, is hy nie meer vry nie.

As gevolg van hierdie kastyge reg om vry te wees, sien 'n mens vandag baie vorms van onreg en boosheid raak wat ons keer op keer tot in ons siel skok. Die menseregte waarop daar aanspraak gemaak word en links en regs gebruik word, word juis gevoed deur hierdie begeerte van die mens om vry te wees, om te kan doen wat hy wil. Dit het daartoe bygedra dat daar in ons land nie meer sensuur uitgeoefen word oor die vrystelling van rolprente en tydskrifte en ander literatuur nie. Die moderne mens is mos volwasse en vry genoeg om self te besluit wat vir hom goed en reg is.

Die kastyge reg om vry te wees, het ook daartoe bygedra dat gesag van watter aard ook al deur die

mens geminag en verwerp moet word. Ons sien dit in die optrede van kinders by skole. Hulle kan maak wat hulle wil en die onderwysers kan niks aan hulle doen nie, want hulle het mos kinderregte en menseregte wat hulle beskerm. Die gesag van ouers word verwerp en kinders wil self besluite neem oor hulle lewens. Hulle wil byvoorbeeld self besluit oor verhoudings met die teenoorgestelde geslag en tot hoe ver hulle daaraan uiting wil gee. En oor seksuele verhoudings mag mense, oud en jonk, mos nie voorgeskryf word nie. Die gevolg hiervan is 'n ongekende hoë syfer van MIV/Vigs en al die hartseer wat daarmee gepaard gaan.

En as daar nou een ding is wat die mense glad en geheel nie wil hoor nie, is dit dat hulle tot niks goeds in staat is nie. Die mens wil nie erken dat hy van nature sleg en boos is nie, want dit is mos nou negatief en breek die mens se selfbeeld af. Die mens wil niks daarvan weet dat hy van nature net daartoe geneig is om God en sy naaste te haat nie.

Broers, susters en kinders, al hierdie gevolge van die mens se begeerte om vry te wees om te doen wat hulle wil, kan net na een oorsaak teruggelei word. Die mens **het immers die gebod van die lewe wat hy ontvang het, oortree en homself deur die sonde losgeskeur van God, wat sy ware lewe was**. Noudat die mens nie meer in 'n verhouding met God is nie, meen hy dat hy vry is om te kan doen wat hy wil. Maar die ongeluk is dat die mens nie as 'n doel op homself geskep is nie. Die Here het die mens geskep met die geaardheid om afhanklik te wees en in 'n verhouding te leef.

Toe God die mens geskep het, was sy bedoeling dat die mens van Hom die Gewer van sy lewe afhanklik sal wees. Die mens is in 'n verhouding met God geskep waarin hy gemaklik en vryelik van God afhanklik kan wees. Die gevolg van hierdie afhanklikheid is dat die mens in liefde en in harmonie met God en voor God se aangesig in vreugde, geluk en vrede sou kan lewe. Om waarlik vry te kan wees, bestaan daarin dat die mens in verhouding met God lewe en aan God se bedoeling met hom beantwoord.

Maar die mens het met die aansporing van Satan toe self besluit op watter wyse hy en sy vrou die vryheid wil gebruik. Hulle wil nie onder die gesag van God staan nie; hulle wil gelyk aan God staan. Die mens wil self soos God wees om self te kan besluit wat reg en goed, sleg en verkeerd is. Dit wil sê, die mens het homself naas God geplaas – op dieselfde vlak. Daarmee het die mens 'n streep getrek deur God se bedoeling met hom, naamlik om beeld van God te wees.

En die vermeende vryheid waaroor die mens nou oënskynlik beskik, is egter niks anders as slawerny nie. Dit is 'n slawerny waaruit die mens homself nie kan losmaak of loskoop nie. Die kerkvader Augustinus het die verloor van die ware vryheid wat die mens gehad het, vergelyk met iemand wat selfmoord pleeg. Wanneer iemand met selfmoord sy lewe neem en as gevolg daarvan dood is, is hy ook nie in staat om homself meer uit die dood op te wek nie. So het die mens deur sy sonde homself beroof van die ware vryheid in verhouding tot God. Die Satan en die sonde het die mens oorwin. Die vryheid wat hy gehad het om self te kon kies om God uit sy eie te dien en lief te hê, het hy verloor. En dit waardeur 'n mens dan oorwin is, daarvan het die mens ook 'n slaaf geword. Daarom sê Jesus: **Elkeen wat sonde doen, is 'n slaaf van die sonde** (Johannes 8:34 AFR83).

Nou verkeer elke mens, wat dink dat hy vry is om te doen wat hy wil, eintlik in 'n toestand van vrywillige onvryheid. Vrywillig het die mens die bande van God se liefdevolle gesag van hom losgeruk om oënskynlik te doen wat hy wil, maar intussen het hy homself in die slawerny van die sonde en die duiwel gedompel. Die mens is mos geskape met die geaardheid om afhanklik te wees. Omdat hierdie geaardheid deel van menswees is en die mens glad en geheel nie onafhanklik kan wees nie, is hy nou van die duiwel afhanklik – die duiwel se kind.

In sy gesprek met die Jode stel Jesus juis hierdie vrywillige onvryheid op 'n radikale manier aan die orde. Terwyl Jesus op die Jode se vraag geantwoord het oor wie Hy is, het baie mense tot geloof in

Hom gekom. Vir hierdie Jode sê Jesus dan: **As julle aan my woorde getrou bly, is julle waarlik my dissipels; en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak** (Johannes 8:31-32 AFR83). Om by die waarheid te bly, is 'n kenmerk van 'n ware dissipel. Dit is immers net die ware dissipels wat tot die einde toe kan volhard. Diegene wat valslik beweer dat hulle glo, sak sommer aan die begin of in die middel van die geloofstryd uit.

Hierdie laaste woorde van Jesus *en die waarheid sal julle vry maak* het die Jode erg teen die bors gestuit. Hulle beweer dat hulle in Jesus glo, en nou gaan Jesus juis hierdie geloof op die proef stel. Is dit ware geloof wat hierdie Jode in Jesus laat belangstel? Of is dit maar net 'n geloof wat maak dat hierdie Jode hulle by Jesus skaar om in tel by die mense te wees, om raakgesien te word?

Om getrou te bly aan Jesus se woorde is niks anders as om aan Hom in alles gehoorsaam te wees nie. Uit Jesus se onderrig in Johannes 15 kom 'n mens agter dat 'n ware dissipel homself aan Jesus onderwerp. Jy gehoorsaam Hom in alles. Wie getrou bly aan Jesus se woorde, sy woorde glo en gehoorsaam, sal mettertyd ook die waarheid leer ken.

Met waarheid verwys Jesus na wat vir God reg en eg is. As jy wil weet wat God se wil is, moet jy na die woorde van Jesus luister. As jy wil doen wat reg en eg in God se oë is, moet jy die waarheid leer ken wat in Jesus se woorde duidelik word. Eers wanneer jy geleer het wat reg is, die waarheid leer ken het en dit ook doen, sal jy werklik vry wees.

Vir die Jode was hierdie aanstootlike woorde. **Ons is die nageslag van Abraham en was nog nooit iemand se slawe nie** (Johannes 8:33 AFR83), antwoord hulle Hom. Uit hierdie woorde van die Jode maak hulle duidelik watter soort geloof hulle het. Dit is die geloof wat Jesus op 'n keer vergelyk het met die saad wat op die rotsagtige plekke geval het. Toe hulle gehoor het wie Jesus sê Hy is, het hulle graag in Hom geglo. Maar toe hulle geloof getoets word, het dit sommer weggekwyn soos daardie koring wat op die rotsagtige dele opgekom het. Die son het daardie jong koringplantjies doodgebrand.

Verder word dit ook duidelik dat hierdie Jode Jesus se gawe van die lewe wil hê as 'n bykomende versiering by hulle eie prestasies. Hulle is mos kinders van Abraham. Hulle is uit die uitverkore geslag en besit mos reeds die vryheid deur hulle afstamming van Abraham. Maar geliefdes, ons kan Jesus Christus nooit as 'n bykomstigheid by ons eie natuurlike vermoëns kry nie. Hy is nie 'n gedeeltelike Verlosser wat maar net ons eie prestasies komplementeer nie. Hy is uitsluitlik 'n Verlosser net vir hulle wat werklik beseft dat hulle nie vry is nie maar slawe van die sonde.

Natuurlik wil die Jode nie glo dat hulle slawe is nie. Daarom bestry hulle Jesus se woorde so heftig. Ons tree vandag nog steeds so op. Ons wil nie erken dat ons slawe van die sonde is nie, want ons het mos hierdie idee dat ons eintlik vry is om te kan doen wat ons wil. Hierdie kastyge vryheid bestaan vir die mens daarin dat hy self kan kies of hy God wil dien en of hy Hom nie wil dien nie. Vir die sondaar is dit mos nou ware vryheid.

Ons kan hierdie soort vryheid vergelyk met 'n kar wat nie remme het nie en bo teen 'n baie steil bult staan. Dit is onvermydelik dat daardie kar teen die bult sal af loop en spoed optel. Met die beste wil in die wêreld sal die mens agter die stuurwiel van daardie kar nie die kar daar bo-op die bult kan laat bly nie. Op hierdie punt – die mens het geen vrye wil nie. Wanneer die kar teen die bult af hardloop, kan die mens agter die stuurwiel net links of regs draai. Op hierdie punt – dit is al wat die mens met sy kastyge vrye wil kan doen. Op die ou einde gaan daardie kar onder beland. Toe die mens homself van God losgeskeur het, het hy sy vrye wil verloor. Al wat hy nou nog uit sy eie kan kies, is om te doen wat die Satan wil hê hy moet doen. Soos die kar teen die bult – hy kan net links en regs draai, maar terug na bo nooit weer uit sy eie nie.

As dit dan nou die eintlike vryheid is om self te kies of jy goed of sleg wil lewe, sou God en die heilige engele mos nie vryheid besit het nie. Dan was Jesus mos ook nie vry nie. God en Jesus sou nie vry wees nie, aangesien Hulle nie die kwaad kan of wil doen nie en Hulle kan Hulleself nie verloën nie. Maar nou weet ons tog, omdat ons dit in die Woord van God lees, God het die hoogste vryheid omdat Hy nie kan sondig nie. Jesus is juis vry, want Hy is en kan nie deur die sonde en die duiwel oorwin word nie. Jesus is juis vry deurdat Hy aan sy Vader gehoorsaam is en sy opdragte uitvoer.

Dan spreek Jesus 'n kosbare trooswoord wanneer Hy sê: **'n Slaaf bly nie vir altyd by 'n huisgesin nie; 'n seun bly vir altyd** (Johannes 8:35 AFR83). Daarmee sê Hy dat daar 'n moontlikheid vir hierdie Jode is om vry te kom van hulle slawerny aan die sonde en die duiwel. Hierdie vrykom van die slawerny van die sonde en die duiwel bestaan ook nog vir ons, want ons Verlosser leef en Hy het die duiwel heeltemal op Golgota oorwin. Daarom sê Jesus dadelik hoe 'n mens van die slawerny van die duiwel en die sonde vry kan kom: **Eers as die Seun julle vry maak, sal julle werklik vry wees** (Johannes 8:36 AFR83).

Eers wanneer 'n mens tot die besef kom dat hy inderdaad 'n slaaf van die sonde en die duiwel is en nie vry nie, en hy bekeer hom van sy kastyge vryheid om aan Jesus alleen gehoorsaam te wees, eers dan is 'n mens werklik vry. Dat die Jode, wat hulle afstamming betref, kinders van Abraham is, erken Jesus. Maar met hulle optrede wys hulle dat hulle nie werklik vir Abraham as vader of vir God as Vader het nie. Hulle optrede wys eerder dat hulle kinders van die duiwel is, want hulle wil vir Jesus doodmaak en nie die waarheid glo wat Hy verkondig nie.

Met hierdie optrede wys hulle eintlik dat hulle vrywillige onvryheid besit. Hulle is nie alleen slawe van die duiwel nie – hulle is kinders van die duiwel. Vrywillig wil hulle die wil van die duiwel uitvoer wat van die begin af 'n moordenaar en 'n leuenaar is. Die duiwel kan nie anders wees as 'n moordenaar en 'n leuenaar nie, want dit is in sy aard om so te wees. Met hulle hardnekkige teenstand teen Jesus openbaar die Jode dat hulle in werklikheid kinders van die duiwel is, want hulle wil nie na God se woorde uit Jesus se mond luister en dit gehoorsaam nie. Daarom sal hulle ook in hulle slawerny verlore gaan.

Op grond van hierdie woorde van Jesus aan die hardkoppige Jode, geliefdes, bely ons dan ook dat **ons alles verwerp wat in stryd hiermee oor die vrye wil van die mens ge-leer word**. Omdat die mens sy vryheid eenmaal misbruik het en deur sy sonde sy vryheid geheel en al verloor het, is dit vir die mens gans en al onmoontlik om nog steeds vry te wil wees. Hierdie vryheid wat die mens dink hy het, is inderwaarheid net 'n versinsel. En hy is te blind om agter te kom dat hy in werklikheid 'n slaaf van die sonde en die duiwel is.

In sy afhanklikheid van die duiwel sal die mens dan ook nooit self daartoe kan kom om hom van hierdie slawerny te bevry nie. Net Jesus doen dit en Hy alleen doen dit. Ons help Hom geensins om vry te kom nie. Hy is ons uitsluitlike Verlosser en nie 'n gedeeltelike Verlosser nie.

Wie dan 'n intieme verhouding met Jesus het deurdat jy Hom met alles wat jy is en het liefhet en jy onderwerp jou in alles aan Hom, dan is jy werklik vry. Dit is 'n vryheid wat in liefde leef en liefde wat in vryheid leef. Slegs binne hierdie liefde van God kan ons werklik vry wees, want die sonde lê ons nie meer aan bande nie. Wie dan werklik gehoorsaam aan Christus leef, sal ook nie sy vryheid ten koste van die liefde gebruik nie, maar sal juis die weg van die liefde kies.

Wil jy weet of jy waarlik vry is? Ondersoek dan of jy getrou bly aan die woorde van Jesus – die Een wat jou vrygemaak het.

Amen!

Slotgebed

Psalm 116:2, 3, 5 (p. 569)

- 2 Om my was bande en strikke van die dood; / en angste van die hel het my laat bewe;
ek was benoud, vol droefheid was my lewe; / maar 'k het die HEER gesmeek in al my nood:
- 3 "Ag, red my, HEER, na u belofenis!" / Toe 't God gehoor; Hy is my lofsang waardig;
Hy is die HEER wat goed is en regvaardig, / en vir sy volk groot van ontferming is.
- 5 U het my siel weer van die dood bevry; / in droefenis droog U, o HEER, my trane;
U lei my voet langs nuwe lewensbane, / om in u lig te wandel, lewensbly.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
11 November 2012